**SPORT: KWARTAAL 1 VAN 2022**

Al die sportspanne van Laerskool Brackenfell het aan die begin van 2022 baie goed presteer.

**Somersport:**

Ons senior krieketspanne het weer vir die eerste keer sedert 2020 ‘n belaaide seisoen agter die rug. Ons o.10-o.13-spanne het saam 30 wedstryde oor 4 weke gespeel en die opponent het gestrek van buurskole tot en met Worcester. Ons o.13A-span het ons trots gemaak met hulle seisoen deur slegs 1 wedstryd (en net met 10 lopies) van hulle 4 wedstryde te verloor.



Foto van links agter: Dhesan Chetty; Gideon J Kotze; Du-Juan Luck; Eduard Coetzee; Joshua Alheit.

Van links voor: Schalk van Niekerk; Aldo Botha; Gideon Kotze; Kristian de Wet; Jeandre Janse van Rensburg; Tedevaughn September en Wilhelm Badenhorst.

Die mini-krieketspanne het 38 wedstryde gespeel. Al ons spanne (vanaf A-F) is die geleentheid gebied om meer as twee wedstryde te speel. Ons kleintjies het goeie vordering getoon en bevat hope talentvolle spelers. Ons is baie opgewonde oor ons o.9-groep wat ‘n aantal van 71 spelers is wat mini-krieket beoefen. Daar was slegs een wedstryd tussen hierdie groep wat Brackies verloor het. Ons sien uit na goeie uitslae vir die o.10-groep vir 2023.

Deelname by die onderskeie spanne het nuwe rekordhoogtes bereik; ons is baie dankbaar. By die krieket spog ons skool met meer as 22 juniorspanne en sowat 9 seniorspanne, waar daar vir die eerste keer genoeg spelers vir ‘n o.13E-krieketspan was.

Laerskool Brackenfell se atlete het ook besonders goed presteer met 4 atlete wat uiteindelik hul WP-kleure verwerf het:

- Enya Binneman – 100m en 200m
- Kayla du Plessis - Hoogspring
- Lwanzo Vyambwera – 800m
- Chantel Fourie – Spiesgooi



Laerskool Brackenfell is soos oudergewoonte een van die toonaangewende tennis-skole in die streek.  Ons 1ste seuns-tennisspan het uitstekende uitslae behaal en ons spog met drie provinsiale spelers. Ons WP-spelers is Gideon J Kotze, Wilhelm Badenhorst en Eben Badenhorst.

**Wintersport:**

Ons wintersportspanne het hul merk gemaak by elke voorseisoenwedstryd en -toernooi waarin hulle gespeel het. Maart was ‘n besige en suksesvolle maand.

Ons o.13A-rugbyspan het aan die volgende toernooie deelgeneem:

- Hoërskool Oakdale rugbytoernooi: 11-12 Maart
- Laerskool Eikestad o.13A-toernooi: 15 Maart
- Marlow Rugbytoer: 23-29 Maart

Oor hierdie tydperk het ons seuns teen die topskole van die streek en land gespeel en baie goed gevaar. Ons kan nie wag om te sien hoe hulle die res van hulle seisoen gaan vaar nie.



Ons is baie opgewonde oor ons 1ste netbalspan wat al nege wedstryde gespeel het en al nege gewen het. Hulle het teen die topskole van die WP- en Bolandstreke gekompeteer in dieselfde week en is aangewys as die kampioene van die Eikestad o.13A-toernooi op Dinsdag, 15 Maart. Eerste trofee van vele meer vir die 2022 netbalseisoen.




Ons o.13A-hokkiespanne oefen hard en kry die geleentheid om twee van hulle oefeninge in die week op die Hoërskool se astro te speel. Ons seuns en dogters-spanne het albei ‘n oefenwedstryd teen Laerskool Bastion gespeel, waar hulle gewys het dat ons ook van hulle ‘n kompeterende en suksesvolle seisoen kan verwag. Ons wens hulle sterkte toe met hulle eerste toernooi wat by Hoërskool Brackenfell plaasvind van 26-29 Maart 2022.





Ons o.11A rugby en asook die o.11- en 12A-netbalspanne wat aan Hoërskool Goudini se sportdag op Saterdag, 12 Maart deelgeneem het, het die seisoen op ‘n belowende wyse begin.

Tussen die nege wedstryde wat plaasgevind het, het ons sewe gewen en twee gelykop gespeel.

Reslutate is ‘n bonus, maar met soveel leerders wat tans betrokke is by skoolsporte kan ons verseker wees dat sport gesond is en ons kan uitsien na baie mededingende wedstryde in die nabye toekoms.

**<u>Kwartaal 2 – Sportdatums:</u>**

| | |
|---|---|
| **APRIL** | |
| 22 | Hockey vs Van Riebeeckstrand Primary @ Brackenfell Primary u/7-u/13 teams |
| 23 | Netbal en Rugby vs Van Riebeeckstrand @ Laerskool Van Riebeeckstrand o/7-o/13-spanne |
| **MAY** | |
| 07 | Durbanville Sportdag: o/10-o/13-netbalspanne & o/7-o/13-rugbyspanne |
| 20 | Brackenfell Primary mini sports day: u.7-u.9A+B hockey teams |
| 21 | Laerskool Brackenfell Mini-sportdag: o/7-o/9A+B netball- en rugbyspanne |
| 25 | Rugby- and netball u/7-u/13 teams vs Worcester Primary |
| 26 | Hockey u/7-u/13 teams vs Worcester Primary |

**Algemene Sportbeleid:**

Met die sport wat na twee jaar volstoom hervat, vra ons dat alle ouers op die onderstaande skakel kliek om hulself van die Algemene Sportbeleid te vergewis.

Sportbeleid